basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Goedgekeur
Ms SM Barnard
Interne Moderator: DBE
28 Mei 2025

Goedgekeur
Ms R Bence
Eksterne Moderator: Umalusi
28 Mei 2025

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE: Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir JA/NEE-, WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir JA/NEE, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**TEKS A: ARTIKEL**
[Verwerk uit *Huisgenoot,* 14 Maart 2024]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Zimbabwe | 1 |
| 1.1.2 | Vriend/vriend | 1 |
| 1.1.3 | 1999 | 1 |
| 1.2 | "Aan die begin het hy nie baie van die olifante gehou nie."<br>*(Die hele sin moet aangehaal word om die punt te verdien)* | 1 |
| 1.3 | Owen moes ...<br>• hulle slaapplek skoonhou.<br>• help om vir hulle kos te soek/vir hulle kos soek.<br>• takke met blare afsny en vir hulle gee.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste TWEE korrekte antwoorde na.)*<br>*(Indien die kandidaat die antwoord in sinne skryf, lees ons tot aan die einde en gee punte vir die korrekte antwoorde.)* | 2 |
| 1.4 | C/die olifante se natuurlike blyplek. | 1 |
| 1.5 | olifante regtig leer ken het | 1 |
| 1.6 | "massiewe"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 1.7 | • Owen se dogter ...<br>o het baie vrae gevra.<br>o het vir hom gevra of sy sy werk met hom kan deel/saam met hom werk toe kan gaan.<br>• "Pappa, kan ek saam met jou werk?"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8.1 | figuurlik | 1 |
| 1.8.2 | • Sy het lief geword vir die olifante.<br>• Sy hou van die olifante.<br>• Sy gee om vir die olifante.<br>• Sy wou saam met die olifante wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord by VRAAG 1.8.1 moet korrek wees om die punt by VRAAG 1.8.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.9 | (In) 2005 | 1 |
| 1.10.1 | Stropery/stropery | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.2 | • Mamma-olifante word doodgeskiet.<br>• Mamma-olifante hardloop weg.<br>• Wanneer die mamma-olifante weghardloop, los hulle die kleintjies agter.<br>• Die kleintjies kan nie so vinnig hardloop nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | 17/sewentien | 1 |
| 1.12.1 | D/... is die boelie in die gesin. | 1 |
| 1.12.2 | E/... is partykeer ongehoorsaam. | 1 |
| 1.12.3 | C/... is Owen se gunsteling. | 1 |
| 1.12.4 | A/... hou daarvan om op sy eie te wees. | 1 |
| 1.13.1 | Ek kan by Owen leer dat jy ...<br>• hard moet werk.<br>• jou werk goed moet doen (selfs al hou jy nie daarvan nie).<br>• moet aanhou met iets (al hou jy nie daarvan nie).<br>• positief oor jou werk moet wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13.2 | • Ek kan by olifante leer dat ...<br>o gesinne/mense vir mekaar moet omgee.<br>o ouer mense/lede in die gesin die jongeres moet dissiplineer.<br>o verskillende lede in die gesin verskillende geaardhede het.<br>*('n Les vir mense)*<br>• Ek kan by olifante leer dat ...<br>o hulle vir mekaar omgee.<br>o almal nie dieselfde is nie/hulle verskillende geaardhede het.<br>o hulle dit geniet om in die water te speel.<br>o die ouer olifante met die jonges raas wanneer hulle stout is.<br>*(Meer inligting oor olifante)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | • Dit beklemtoon dat Owen sy gesin ken/lief is vir sy olifant-gesin.<br>• Dit sê vir ons meer van die olifante.<br>• Dit help ons om die olifante beter te leer ken.<br>• Dit help ons om te besef dat elke olifant uniek (net soos mense) is.<br>• Dit maak die teks meer persoonlik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15 | • **"groot"** in die titel pas, want dit kan verwys na ...<br>o die olifante wat groot diere is.<br>o hoeveel olifante daar in Owen se gesin is.<br>• **"gesin"** in die titel pas, want dit kan verwys na ...<br>o Owen se liefde/omgee vir die olifante.<br>o die feit dat Owen hulle nie as werk beskou nie, maar as deel van sy lewe.<br>• Kandidaat kan ook 'n oorkoepelende antwoord gee sonder om direk na die groot of gesin te verwys.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: SPOTPRENT**

[Verwerk uit pinterest.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | sitkamer | 1 |
| 1.17.1 | (Die seun se) matriekuitslae.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17.2 | B/baie teleurgesteld is. | 1 |
| 1.18 | nie regtig gepla is nie | 1 |
| 1.19 | • Sy vriende se uitslae is slegter/swakker as syne.<br>• Jou matriekuitslae het niks met jou vriende se uitslae te doen nie.<br>• Johan moet liewer oor sy eie toekoms/uitslae bekommerd wees.<br>• Johan moet volgens sy eie vermoëns presteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20 | • Om verder te studeer<br>• Om 'n goeie werk te kry<br>• Vir 'n goeie toekoms<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal (**Let wel**: Sodra die kandidaat enige aanhaling gee, ignoreer ons die eerste kategorie vir taalpunte en beweeg na die tweede kategorie vir woordeliks aangehaal).
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

  ***Let wel*: Vergunning vir hierdie eksamen:**
  - ➢ Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Hanteer dit dus dieselfde as 2-3 direkte aanhalings.
  - ➢ Indien die kandidaat net een feit in die hele opsomming reg het en hierdie één feit is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat net één punt vir hierdie feit en géén punte vir taal nie.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

## LET WEL

**Tel van woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: OPSOMMING

### TEKS C: HOEKOM OEFENING GOED IS VIR JOU

[Verwerk uit Wikihow.com]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Ons almal ervaar soms stres. **As jy oefen, skei jou liggaam hormone af wat jou gelukkig laat voel.** | Oefening laat jou liggaam hormone afskei wat jou gelukkig laat voel. |
| 2. | Baie mense is oorgewig. Dan is dit moeilik om aktief te wees. **Jy kan jou gewig beheer deur oefeninge te doen.** | Oefening help jou om jou gewig te beheer. |
| 3. | Mense wat nie oefen nie, kan siektes soos diabetes en beroertes kry. **Oefening kan keer dat jy sulke ernstige siektes kry.** | Oefening help dat jy nie ernstige siektes kry nie. |
| 4. | Jou brein het suurstof nodig om goed te werk. Wanneer jy oefen, klop jou hart vinniger en pomp dit meer suurstof na jou brein. **Dus help oefening jou brein om beter te onthou.** | Oefening help jou (brein) om beter te onthou. |
| 5. | Wanneer 'n mens ouer word, verloor jy krag en spiermassa. **Oefening help om die bene en spiere in 'n mens se liggaam sterk te hou.** | Oefening hou jou bene en spiere sterk./<br>Oefening hou jou bene/spiere sterk./<br>Oefening help bene en spiere. |
| 6. | 'n Mens kan op jou eie of in groepe oefen. As jy saam met ander mense oefen, **kan jy nuwe vriende maak en sosialiseer.** | Oefening help jou om nuwe vriende te maak/te sosialiseer. |
| 7. | Wanneer jy oefen, voel jy moeg. Wanneer jy moeg voel, slaap jy beter. **Gereelde oefening help mens dus om beter te slaap.** | Wanneer 'n mens oefen, slaap jy beter. |
| | **GETAL WOORDE = 194 woorde**<br>**( ± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 57 woorde**<br>**(50 – 60/65 maksimum)** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **10** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION


SB RB

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

1. Spelling:
   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

**TEKS D**
[Verwerk uit *Kuier,* 4 Augustus 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Die naam van die produk is in hoofletters gedruk.<br>• Die naam van die produk is groot geskryf.<br>• Die naam van die produk is in vetdruk geskryf.<br>• Die naam van die produk is boaan die advertensie geskryf.<br>• Daar is prente in die advertensie/van hoenders.<br>• Daar is 'n groot eier.<br>• Die eier (is) in die middel van die advertensie.<br>• Die eier is groter as die ander prentjies.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2 | • jy<br>• jou<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.3 | manipulering | 1 |
| 3.4 | Gesondheid uit die natuur.<br>*(Aanvaar ook indien die kandidaat slegs **natuur** skryf)* | 1 |
| 3.5 | • Jy kan 6 of 30 eiers koop/6 of 30 eiers<br>• Die eiers is beskikbaar in verpakkings van 6 of 30 eiers.<br>• "Beskikbaar in verpakkings van 6 of 30 eiers"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6 | groot | 1 |
| 3.7 | lekker | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.8 | • Ek kan 'n e-pos stuur.<br>• Stuur 'n e-pos na plaashen@gmail.com.<br>• Ek kan hulle bel.<br>• "Bel ons by 087 123 5531"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Die leser kan (dadelik) sien waaroor die advertensie gaan.<br>• Dit wys wat geadverteer word.<br>• Dit wys dat die advertensie oor eiers gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | • Dit kom van die plaas af./"plaashen"-eiers.<br>• Die eiers is vars./"Die varsste eiers wat jy kan koop ..."<br>• Dit is beskikbaar in verskillende verpakkings./"Beskikbaar in verpakkings van 6 of 30 eiers".<br>• Ek is lief vir/hou van eiers./Eiers is vir my lekker.<br>• Om te eet/bak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E
[Verwerk uit Pinterest.com]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | "niks"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)* | 1 |
| 4.1.2 | moeilikheid soek | 1 |
| 4.2 | • Haar mond is (groot) oop.<br>• Sy buig vooroor/gaan nader aan Peanuts.<br>• Haar hande is bymekaar/vuiste/gereed om te slaan.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste TWEE korrekte antwoorde na.)*<br>*(Indien die kandidaat die antwoord in sinne skryf, lees ons tot aan die einde en gee punte vir die korrekte antwoorde.)* | 2 |
| 4.3 | Lucy sê dat **sy** kwaad **is**. | 1 |
| 4.4 | • Daar is uitroeptekens aan die einde van die woord/sin.<br>• Van die woorde/**NEE!!** en **NIE!!** is in hoofletters/vetdruk/donker geskryf.<br>• NEE!!/NIE!!<br>• !<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5.1 | D/nie Lucy se hand wil soen nie. | 1 |
| 4.5.2 | • Hy dink die woorde/sê nie die woorde nie.<br>• Die woorde is in 'n dinkborrel.<br>*(Aanvaar ook gedagteborrel)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.6.1 | Hmmm | 1 |
| 4.6.2 | belangrik**er** *(sp)* | 1 |
| | | **[10]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 5.1: LEESTEKS

### TEKS F

[Verwerk uit *Son*, 16 Oktober 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | word | 1 |
| 5.1.2 | verlede | 1 |
| 5.1.3 | by elke Spele **sal/gaan** deelneem. | 1 |
| 5.1.4 | • Dit is **nie** altyd dieselfde **nie**.<br>• Dit is **nooit** dieselfde **nie**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.5 | honderd/eenhonderd *(sp)* | 1 |
| 5.1.6 | ... muurbal, sagtebal en bofbal. | 1 |
| 5.1.7 | van | 1 |
| 5.1.8 | jaarliks *(sp)* | 1 |
| 5.1.9 | toets+krie+ket **of** toets/krie/ket **of** toets-krie-ket | 1 |
| 5.1.10 | • Ek **bly** in Johannesburg. *(woon = werkwoord)*<br>• Hierdie **bly** 'n moeilike taak.*(hou aan = werkwoord)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.1.11 | • Mnr./mnr.<br>• Mnr/mnr<br>*(Die afkorting kan met OF sonder die punt geskryf word)* | 1 |
| 5.1.12 | krieketspan**ne** *(sp)* | 1 |
| 5.1.13 | kliphard *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | beste *(sp)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 5.2:PRENT

### TEKS G
[Verwerk uit ClipartLibrary]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Linda is besig **om** navorsing **te** doen. | 1 |
| 5.2.2 | appel/Appel *(sp)* | 1 |
| 5.2.3 | rugsak *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | houer**tjie** *(sp)* | 1 |
| 5.2.5 | Nadat Linda klaar studeer **het, bêre** sy haar notas in die laai.<br>*(Die 1 punt is vir die **korrekte woordorde** en die ander punt is vir die **komma op die korrekte plek**.)* | 2 |
| | | **[20]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **80** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION